

Boran-beeste het 'n toekoms in voerkrale

Proewe met Borane in voerkrale in verskillende toestande waarin ook die voer en bestuurstelsels verskil, het ooreenstemmende resultate gehad. Dit bewys die Boran het 'n plek in die voerkraalbedryf.



Die Boran het as 'n inheemse beesras nog nie sy plek in Suid-Afrikaanse voerkrale gevind nie, maar as dit reg benader word, kan dit lonend wees om die Boran te begin aanhou.

'n Voerkraal is 'n intensiewe diereproduksiestelsel wat 'n andersins onbemarkbare kalf blootstel aan 'n proses van intensiewe voeding en versorging – dit verander die kalf in 'n vleisprodukt van 'n hoë gehalte. Die idee van 'n voerkraal is om die maksimum energie in die dier te kry in die kortste moontlike tyd sonder te veel of enige metaboolse verstoringe.

Mnr. Henning Vermaak, 'n voerkundige vir voerkrale, werk hoofsaaklik in Ethiopië en ander Afrika-lande. Hy meen die algemene opvatting dat inheemse rasse nie aangepas is om in kommersiële stelsels te presteer nie, is nie heeltemal waar nie.

“Vergeleke met Suid-Afrika word heelwat meer Boran-beeste en Boran-kruise met groot sukses gevoer in Afrika-lande,

soos Zambïë, Tanzanië, Kenia, Soedan en Ethiopië. Die rede is eenvoudig omdat die moederras gehard is. Sedert al hoe meer voerkrale in Afrika opgerig is, het die Boran ook 'n groter teenwoordigheid en belang in die voerkraalomgewing ontwikkel.”

Mnr. Tinus Greyling van Sparta Marquard meen enige ras is in 'n voerkraal aanpasbaar. “Aanpasbaarheid gaan gepaard met verskeie omstandighede, soos die speenstatus, ouderdom, prosesseringsprogram, weerstoestand en die geskiedenis van die dier se gesondheid.”

Mnr. Simeon Hurwitz van Hurwitz Farming meen die Boran is, soos baie inheemse rasse, aangepas om in sogenoemde Afrika-toestande te presteer. Met ander woorde die ras het 'n betreklik lae metaboolse onderhoudsbehoefte.

“Die Boran se verteringstelsel

is aangepas om weiding van 'n lae gehalte te verteer en hulle doen dit goed. Die ras kan egter nie die hoë energievoer wat die meeste voerkrale vir die beeste gee, so goed verteer soos die Europese beesrasse nie.”

Henning meen die rede daarvoor is onder meer die betreklik kleiner organe (longe, hart, lewer, rumen en ingewande) in verhouding tot die dier se metaboolse massa.

Elke ras het 'n spesifieke eienenskap wat hom 'n unieke plek in 'n kommersiële stelsel gee. Die Boran is 'n beesras wat vroeg volwasse word. Gevolglik bereik die ras volwassenheid op 'n baie vroeë ouderdom teen 'n laer liggaamsgewig.

Die Boran presteer so goed op weiding van 'n lae gehalte omdat die bees ook 'n betreklik lae onderhoudsbehoefte het. Daarom is die voeromsettingsverhouding

Die Hurwitz-voerkraal by Bethal is klein, wat dit maklik maak om Borane in korter siklusse aan te hou soos nodig. FOTO: VERSKAFDEUR DIE HURWITZ-GROEP

'n gunstige oorweging, sê Henning. Die Boran het dus minder energie nodig vir onderhoud en gevolglik is meer energie vir groei beskikbaar.

PRESTASIE IN VOERKRALE

'n Paar voerkrale het proewe met Borane gedoen om vas te stel hoe die ras in voerkrale presteer. Sparta Marquard, Morgan Beef en Hurwitz-voerkraal het onder meer terugvoering gegee.

By Morgan Beef het die beeste vir 120 dae gestaan. In dié tyd het die beeste 'n gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) van 1,68 kg gehandhaaf, met 'n karkasgradering van A2. Dié beeste het gemiddeld 217 kg geweeg toe hulle in die voerkraal opgeneem is en gemiddeld 463 kg toe hulle die voerkraal verlaat het. Die gemiddelde karkasgewig was 269 kg.

Die Boran het minder energie nodig vir onderhoud en gevolglik is meer energie vir groei beskikbaar.

Henning sê die voerkraaldata vir die kommersiële Boran-beeste in Ethiopië (hulle is 'n kleiner soort Boran met 'n heelwat fyner beenstruktuur) toon dat daardie diere 'n gemiddelde uitslagpersentasie van 59 tot 60 handhaaf.

Die Hurwitz-voerkraal het 'n klein groep Borane in 'n proef gebruik. Die beeste het gemiddeld 222,5 kg geweeg toe hulle opgeneem is en hulle het 157 dae gestaan. Die GDT van daardie beeste was 1,58 kg per dag. Hulle het 472 kg geweeg toe hulle die voerkraal verlaat het.

Simeon sê hul uitslae lyk baie soos dié van Morgan Beef. "Dit is twee verskillende voerkrale wat verskillende soorte voer gebruik, 'n ander bestuurstelsel en ander toestande het, maar die resultate is baie dieselfde. Dit bewys die Boran het 'n plek in die voerkraalbedryf."

Tinus sê hulle het 'n proef met 81 manlike Boran F₁-kruise en 6 rasegte Borane gedoen. Die GDT was 1,63 kg per dag vir die hele groep. Vir die rasegte Borane was die GDT 1,3 kg per dag.

"Dit was wel te min rasegte Borane om 'n wesenlike gevolgtrekking te maak. Die toets het wel gewys Boran-kruise kan beslis met 'n voerkraal se gemiddelde meeding."

SLAGGEWIG

Tinus meen 'n bees se slaggewig wissel tussen voerkrale. Dit hang af van die voerkraal se mark en of die voerkraal 'n ontbeningsgerief het.

"Met 'n ontbeningsgerief neig 'n voerkraal na swaarder karkasse wat nie ten gunste van die Boran-ras sal wees nie. Karkasse vir so 'n gerief weeg rondom 300 kg. Die Boran se fisiologiese samestelling sal hom nie toelaat om by dié slaggewig uit te kom nie."

Henning meen wat verder voordelig vir die Boran kan wees, is die manipulasie van die liggaamsgewig en die praktiese bestuur van Boran-bulle in voerkrale.

"Praktiese ondervinding met groot hoeveelhede intakte manlike diere in die voerkraal het

gewys dat gekastreerde manlike diere rustiger is en dat minder 'ryery' voorkom. Hierdie praktyk is wel arbeidsintensief, maar dit is ongetwyfeld lonend aangesien diere meer tyd bestee aan die primêre funksie waarvoor hulle gevoer word, naamlik om te eet en te groei."

Hy sê kastrasie onderdruk die sterk manlike voorkoms (uitermatige ontwikkeling van die skof en voorkwart) en veroorsaak selfs bykomende ontwikkeling van die skelet by die Ethiopiese Boran-kruise in die voerkraal. Omdat die Boran redelik vroeg volwassenheid bereik en daarom ook vroeër geslagsryp is, plaas dit meer klem op die bestuur van hierdie eienskappe om maksimum vleisproduksie te verseker.

"Die gebruik van groeibevorderaars in 'n twee-stapfase (estrogeen en TBA kombinasie) word met uitstekende groeiresultate en waardetoevoeging toegepas."

Tinus sê elke bees se genetiese samestelling het 'n invloed op sy groeikurwe. Voerkrale mik om die maksimum uit enige bees te haal. Vir sekere rasse is dit moontlik om die kurwe in 'n vroeër stadium te bereik.

"Sodra 'n bees dit bereik, kos dit geld om hom langer te voer. Voerkrale het doelgerigte en tydgebonde take. Dit is moeilik om beeste wat vroeër ryp raak, afsonderlik te bestuur. Gevolglik staan hierdie beeste saam met die voerkraal se portuurgroep vir 'n volledige voerkraaltydperk. Daarom word 'n aanpassing soms by die aankoopprys ingewerk."

AANPASSING

Tinus hou vol die Boran is 'n uitstekende ras, maar hy moet na verdienste gekies word.

"Boere kan Borane suksesvol kruis en enige tyd markverwante pryse verwag.

"Boere kan ook markte ondersoek wat natuurlik gevoerde beeste benodig – in dié geval is die Boran bekend om sy uitsonderlike prestasie. As Borane aan voerkrale verkoop word, kan 'n aanpassing by die aankoopprys



In Ethiopië word tot 7 000 Borane in 'n voerkraal aangehou. Mnr. Henning Vermaak, 'n voerkundige vir voerkrale, sê die ras presteer daar omdat dit gehard is en kan aanpas. FOTO: VERSKAF/HENNING VERMAAK

gemaak word om verliese in die kraal uit te skakel."

By die Hurwitz-voerkraal is dit egter nie 'n probleem om die Boran in 'n korter siklus aan te hou nie, sê Simeon. Hulle is klein genoeg om individuele rekords te hou, wat dit moontlik maak om verskillende beerasse aan te hou en te voer soos die ras nodig het, en om klein groepe beeste aan te koop.

"Indien dit reg bestuur word in 'n veldvoorbereidingstelsel en wanneer die bees in 'n voerkraal afgerond word, kan dit baie winsgewend wees vir 'n klein skaalse voerkraal om Borane aan te koop," sê Simeon.

Die Boran is 'n beeras wat met goeie bestuur op 'n strategiese manier ekonomies gevoer kan word, sê Henning.

"Hierdie diere is in die meeste gevalle vatbaarder vir metaboliese steurnisse, soos asidose en laminitis.

"Die aanpassing is belangrik en die voeding moet effens anders benader word. Strategies kan Boran-beeste met effens minder energie in die rantsoene steeds ekonomies afrond, veral in die huidige situasie waar hoë graanpryse nie gunstig is vir die voerkraalekonomie nie. Lang voertydperke benadeel die voermarge," sê Henning. **LBW**



NAVRAE: Die Boran-telersgenootskap, tel. 051 410 0966 of 051 410 0951; webwerf: www.boran.org.za.